# Wys Jou Ware Kleure

## Gedagtes oor Judas

Louis Nel

# Wys jou Ware Kleure

## Oordenkinge oor die Boek Judas

Louis Nel

Mei 2019

Mosbolletjie Boeke
www.dagstukkie.co.za

# Inhoud

Voorwoord
1 Judas
2 Bloedfamilie
3 Die Koekkoek en die Kwikkie
4 Ewige Verdoemenis
5 Engele en Magte
6 Gevare van Dwaalleer
7 Henog se Profesieë
8 Boustene van Geloof
9 Reddingswerkers

# Voorwoord

Is daar werklik vandag ‘n besliste verskil tussen die kerk en die wêreld? En as jy ‘n gelowige en ‘n ongelowige langs mekaar plaas - sal jy die verskil dadelik opmerk? Die handves van menseregte is ‘n pragtige idee, maar die verskriklike gevaar daaraan is dat alle mense gelyk gestel word - op sigself nie so ‘n slegte gedagte nie, maar die klem val só sterk op die eendersheid van verskillende godsdienste dat dit skrikwekkend is. Verdraagsaamheid tussen verskillende godsdienste, is die in-ding. O, verséker is daar mooi dinge daaromtrent, maar wanneer

hierdie eenheidsgedagte verkeerd hanteer word, kan die gevolge vir die kerk en vir Christenskap absoluut katastrofaal wees. Uiteindelik gaan kerk-lidmate net soos mense lyk wat kerkloos is. Kan jy jouself voorstel - ‘n kerk wat bedryf word soos ‘n gewone klub?

As ons die boek Judas lees, sal ons agterkom dat die skrywer pleit vir ‘n duidelike onderskeid tussen ware gelowiges en ongelowiges. Hy pleit dat gelowiges hulle identiteit sal gestand doen, en dat skyn-gelowiges wat dikwels ‘n

gemeente binnesypel, aan die lig blootgestel word sodat hulle ware kleure kan uitkom. Dit gaan immers oor die eer van God wat in gedrang kom. Hy vra jou en my as gelowiges om te stry vir die suiwer beeld van die ware geloof.

Louis Nel

# Judas

## Inleiding tot Judas

Die naam “Judas” bring sommer dadelik by jou ‘n gevoel van antagonisme op. Hy is mos die verraaier? Eintlik was dit ‘n algemene naam in die Bybelse tyd, en ons lees van etlike mense met hierdie naam. Die skrywer van hierdie baie kort boek, wat slegs twee bladsye in die Bybel beslaan, is beslis nie Judas Iskariot nie! Hy was ‘n broer van Jesus Christus.

Wanneer ons deur die evangelies lees, dan sien ons dat Hy aanvanklik self baie skepties was oor sy Broer, en kon hy maar net

nie glo dat hierdie Jesus saam met wie hy grootgeword het die Verlosser, die Christus kon wees nie. In Joh. 7:5 lees ons dat Jesus se broers nie in Hom geglo het nie. In sy brief beskryf hy homself egter gladnie eers as Jesus se broer nie, maar hy sê dat hy die broer is van Jakobus.

Nou wie was Jakobus? Hy was die ander broer van Jesus. Hy het aanvanklik óók nie in Jesus geglo nie. Later was hy egter baie bekend onder die gelowiges van sy tyd. Hy het ná die Pinkstergebeure die leier van die gemeente in Jerusalem geword. Hy is volgens oorlewering in

62nC vermoor, en die vermoede bestaan dat Judas die leiding in die gemeente by sy broer oorgeneem het na Jakobus se dood.

Wanneer Judas beplan om hierdie brief te skryf, wil hy eintlik oor 'n pragtige onderwerp skryf: die Verlossing. Maar dan gryp die Heilige Gees in, en sy onderwerp is iets totaal anders. Daar was probleme in die kerk, en die Here wou hê dat hy hierdie probleme moes aanspreek. Daar het dinge in die kerk aangegaan wat die kerk presies gelyk gestel het met die wêreld. En dit mag nooit gebeur nie!

Judas noop ons vandag om vir onsself die vraag te vra: Is daar werklik vandag ‘n besliste verskil tussen die kerk en die wêreld? En as jy ‘n gelowige en ‘n ongelowige langs mekaar plaas, sal jy die verskil dadelik opmerk? Sal die gelowige waarlik anders optree in sekere situasies as ongelowiges? Bestuur die gelowige sy besigheid anders as die ongelowige?

Die handves van menseregte is ‘n pragtige idee, en op sigself is daar niks mee verkeerd nie. Maar die verskriklike gevaar daaraan verbonde is dat alle mense presies gelyk gestel word. Ons

sal dadelik wil sê dat dit mos nou nie so ‘n slegte gedagte is nie. Die probleem is egter dat die klem só sterk val op die eendersheid van al die verskillende godsdienste, dat dit skrikwekkend is. Verdraagsaamheid tussen verskillende godsdienste is die in-ding, en so hoort dit seker ook. Verséker is daar mooi dinge daaromtrent, want die Christengelowige behoort mos uit te reik na ander gelowe. Maar wanneer hierdie eenheidsgedagte verkeerd hanteer word, kan die gevolge vir die kerk katastrofies wees. Dit kan daartoe lei dat kerk-lidmate presies dieselfde lyk

as mense wat kerkloos is of die een of ander heidense afgod aanbid. Kan jy jouself voorstel: ‘n kerk wat bedryf word soos ‘n gewone klub?

Wanneer ons Judas se brief lees, sien ons dat die skrywer pleit vir ‘n duidelike onderskeid tussen gelowiges en goddeloses. Hy pleit dat gelowiges hulle identiteit sal gestand doen, en dat skyn-gelowiges wat dikwels ‘n gemeente binnesypel, aan die lig blootgestel word sodat hulle ware kleure kan uitkom. Dit gaan immers oor die eer van God! Hy vra jou en my as gelowiges om te stry vir die suiwer beeld van die

ware geloof.

Wanneer ons hierdie boek begin lees, merk ons op dat dit ‘n tipiese briefaanhef het, wat dit na ‘n brief laat lyk. Maar lees ons ‘n bietjie verder, dan verander die hele opset, sodat dit eintlik ‘n preek word. Daar is byvoorbeeld gladnie die gebruiklike briefslot nie. Ons moet dus die boek sien as ‘n preek wat Judas geskryf het vir ‘n gemeente of gemeentes.

Judas, net soos al die ander Bybelboeke, is tydloos. Dit is tweeduisend jaar gelede geskryf vir mense wat in daardie tyd geleef het in totale ander omstandighede as ons vandag.

Maar wat hy geskryf het is steeds tweeduisend jaar later relevant, want die éintlike Outeur van die boek was die Heilige Gees. En oor 'n verdere tweeduisend jaar sal dit nog steeds relevant wees.

Vir my en jou sê hierdie boek vandag dat ons moet waak teen allerhande strominge wat die waarheid van die Evangelie wil verdraai. Ons moet vasstaan in die geloof soos wat dit suiwer vir ons geleer word uit die onfeilbare Woord van God. Die kosbare dinge wat Jesus ons geleer het, moet ons in ons harte bewaar en daaraan vasklou soos 'n kleinood. En ons moet die dinge wat

skrywers soos Paulus vir ons nagelaat het met passie uitleef. As ons waarlik die opdragte van Jesus uitvoer, sal die kerk nie swig voor hierdie dwaalleraars nie, en sal dit van krag tot krag gaan soos wat dit gedoen het oor die afgelope tweeduisend jaar.

**Gebed:**

**Here, help my asseblief om staande te kan bly voor al die versoekings van dwaalleraars. En help my om U opdragte uit te leef met passie.**

# Bloedfamilie

## Judas:1,2

Wat familie betref, is ek baie arm. Ek was die enigste kind, en ek het só gesmag daarna om 'n boetie of sussie te kon hê. Maar dit was my nie beskore nie. Ek moes maar verlief neem om myself te vermaak op die plaas waar ek grootgeword het. En dit kon ek baie goed doen! Ek het die berge en klowe van Waterval Boven soos die palm van my hand geken. Dikwels het ek stoksiel alleen groot, en soms gevaarlike ontdekkingstogte gedoen.

Dit is kosbaar om boeties en

sussies te hê om hierdie dinge mee te kan deel. Ek was dikwels al baie jaloers as ek gesien het watter hegte band daar tussen broers en susters ontstaan. Dit is goud werd.

Judas het ook broers en waarskynlik ook susters gehad. Inderdaad het Judas 'n baie spesiale Broer gehad, maar Judas is só beskeie hieroor dat hy nie eers wil noem dat hy die jonger broer van Jesus was nie.

In die aanhef noem hy homself “dienaar” sowel as “broer”. Hy is egter nie Jesus se broer nie, maar Jakobus s'n. En soos ons in die vorige dagstukkie gesien het,

was Jakobus die ander broer van Jesus. Judas wil egter eerder geken word as Jesus se dienaar, oftewel Sy slaaf. Die feit dat hy homself nie as Jesus se broer beskryf nie, maak sy selfbenoeming as Jesus se slaaf baie merkwaardig. Die tyd toe Jesus se eie broers nie in Hom geglo het nie, is vir altyd verby - so wil Judas hiermee dalk sê. Vir sy lesers wil hy sê dat hy nie sy familieverwantskap aan Jesus eers wil noem nie, want hy glo waarlik in die Godheid van Christus, en hy wil hulle op hierdie wyse oortuig dat dit 'n werklikheid is. As gelowige wil hy maar net geken word as Jesus se

dienaar, alhoewel hy sékerlik die volste reg het om Jesus se broer genoem te word.

Die vraag wat ek myself vanoggend moet afvra, is hoe ek my verwantskap aan Jesus wil sien? Vir my persoonlik wil ek Hom sien as bloedfamilie - ek is immers ‘n kind van God, en Jesus is die Seun van God. Dus is Jesus vir my eie Familie - my Broer. My verhouding met Jesus wil ek graag op ‘n baie intieme en persoonlike vlak beleef, soos ‘n mens dit alleen kan beleef met ‘n broer wat baie naby aan jou is. Dit is my binnekamer-verwantskap met Jesus.

Waar daar 'n goeie verhouding tussen broers of susters is, sal hulle dinge met mekaar deel wat hulle met niemand anders sal deel nie. Daar is 'n baie groot vertrouens-verhouding, waar hulle openlik met mekaar sal gesels. Daar is ook 'n sterk liefdesband wat hulle bind, en hulle sal hulle lewe vir mekaar aflê. Hulle sal dinge vir mekaar doen wat hulle vir g'n ander mens ooit sal doen nie.

Maar hoe lyk my verhouding met Jesus? In 'n sekere sin is Hy ook my "Broer", en om daardie rede sal ek ook my diepste hartsgeheime met Hom deel,

want ek weet dat ek Hom met my lewe kan vertrou. En dan is daar die liefdesband wat my aan Hom bind. Hy het alreeds bewys hoe groot Sy liefde vir my is – Hy het Sy lewe vir my afgelê. Sal ek dan nie dieselfde vir Hom doen nie?

Soos wat broers dinge vir mekaar doen sonder om iets terug te verwag, so is dit ook tussen my en Jesus. Vir my het hy alreeds ontelbare dinge gedoen, en Hy doen steeds vandag vir my baie meer dinge as wat ek kan opnoem. Sal ek dan nou hande gevou sit en net aan die ontvangkant wees? Beslis nie! Dit is maar net natuurlik dat ek ook

dinge vir Hom sal doen oor die eenvoudige rede dat ek Hom oneindig liefhet, net soos Hy vir my.

Vir die wêreld daar buite wil ek egter nie hoogmoedig en verhewe wees bo die res van die “gepeupel”, en myself voorstel as “die broer van Jesus” nie. Dit sou uiters verwaand wees. Daarom wil ek eerder net Jesus se dienaar wees, wat Sy liefde aan die wêreld uitdra. Ek wil vir Hom ‘n ambassadeur wees, wat sélf op die agtergrond bly, maar wat Jesus se heilige Naam groot maak aan almal wat ek teëkom. Ek is mos trots op Hom! En as jy

trots is op iemand, dan wil jy vir almal wat oor jou pad kom van Hom vertel.

Ek wil myself egter ook sien as "bloedfamilie" van ander gelowiges, want om familie te hê is baie lekker, maar as jou familie boonop ook medegelowiges is, dan is dit soveel lekkerder, want dan kan 'n mens *sáám* die Here dien met 'n dubbele vreugde.

Dit is vanoggend vir my wonderlik om hierdie dagstukkie kan deel met jou, my boetie en sussie in Jesus. Mag barmhartigheid, vrede en liefde in oorvloed aan jou geskenk word! Mag jy vandag God se genade op 'n wonderlike

wyse beleef, en mag jy totale vrede ondervind wat alle verstand te bowe gaan. En my gebed is dat jy nie alleen liefde in oorvloed sal ontvang nie, maar dat jy dit nét soveel sal uitleef teenoor almal wat jou pad kruis.

**Gebed:**

**Here, dankie vir al my familie in Jesus. Dankie vir die liefde wat ek in oorvloed van hulle ontvang, en dankie dat ek ook my vreugdes en smarte met hulle kan deel.**

# Koekkoek en Kwikkie

## Judas:3,4

“Somer is hier,” sê ek vir my Mosbolletjie. “Luister bietjie, die Piet-my-Vrou het begin sing!”

“Piet-my-vrou, Piet-my-vrou,” weerklink sy vrolike liedjie, “Piet-my-vrou, Piet-my-vrou!” Na die vyf-honderd-ses-en-veertigste “Piet-my-vrou!” skree ek by die venster uit: “Sjarrap nou ‘n bietjie!” Maar hy hou net aan en aan en aan!

In ‘n welige struik in die tuin is ‘n kwikstertjie hard aan die werk. Die pragtige ou delikate voëltjie met sy kenmerkende wipstertjie

dra takkies en grassies aan, en verdwyn kort-kort in die digte lower. Uiteindelik is die konstruksie klaar, en die nessie word snoesig uitgelê met sagte donsies. Vriendelike ou voëltjie, die kwikstertjie. Loop dikwels tot amper reg onder jou voete. Lyk of hy alles en almal vertrou.

Kwikstertjie se nesbouery gaan nie ongesiens verby nie. Sy word fyn dopgehou uit die digte takke van ‘n Rooiessenhout. As Mevrou Kwikkie en haar man in die nessie in verdwyn, raak piet-my-vrou baie opgewonde. “Ek het 'n nes ontdek,” vertel hy vir Vroulief.

In Kwikkie se nessie heers groot

opgewondenheid, want hulle het die trotse ouers geword van drie roomwit eiertjies met die fraaiste sproetjies. Na weke se harde werk, het dit tyd geword om weer ‘n slaggie behóórlik te gaan uiteet. Dit was net die oomblik waarop Piet-my-vrou gewag het. Haastig verdwyn hy en Vroulief skelm in Kwikkie se nes in!

Wanneer die kwikkies terugkeer, is hulle verbaas om ‘n ekstra eier te sien. “Dis ’n Wonderwerk!” sê Kwikkie vir vroulief. Die vierde eiertjie is nou wel half bruinerig en ‘n bietjie groter as die ander, maar wat maak dit tog saak? Twee weke later kraak die bruin

eiertjie en maak die eerste ou bondeltjie dons sy luidrugtige verskyning. Pa en Ma moet net spring om sy honger bekkie vol kos te hou. Maar dan, drie dae later tref ‘n groot ramp hulle. Die drie orige eiertjies het net spoorloos verdwyn. Onder die nessie op die grond lê drie stukkende eiertjies, roomwit met sproetjies. In die nessie sit ‘n uitgevrete, vet, gulsige kleintjie en grinnik, sy duiwelse werk afgehandel!

Net soos wat die pragtige piet-my-vrou ongemerk die kwikkie se nessie kan binnesluip, so gebeur dit dikwels dat dwaalleraars die

kerk ongemerk binnesluip - so waarsku Judas. Die Kwikkies kan duidelik sien dat die nuwe eier anders is, maar hulle doen niks daaraan nie. En as hierdie koekoekie uigebroei het en die ander eiers uitskop, bly hulle hom steeds voer en grootmaak. So is die geval ook dikwels in die kerk.

Ons wil dwaalleraars sien as ‘n paar ou koekoes geleerdes wat daar bo êrens skewe dinge bedink. Dit gebeur egter dikwels reg onder ons neuse, binne in die gemeente, en ons kom dit nie agter nie. Ons raak so gewoond aan iemand se andersheid, dat ons dit maar gelate aanvaar. In

Judas se tyd het sekere van die gemeentelede voorgegee dat hulle gelowig is, maar hulle lewens buite die kerk het totaal die teendeel bewys. Hulle het hulle losbandige lewe en die sonde waarin hulle hulleself verlekker het probeer goedpraat in die kerk met "God is tog genadig en vol liefde. Hy sal my vergewe!"

Dit was tweeduisend jaar gelede. Intussen het dinge darem verander. Of het dit? Inderdaad is dit vandag steeds 'n algemene ding, dat iemand 'n baie vroom gesiggie opsit in die kerk, en voorgee dat hy 'n verhouding het

met die Here. Maar as hy daar uitstap, dan kom jy agter dat hy aan niemand anders as net homself dink nie. Die vroom man met die soet glimlaggie in die kerk word die buffel van ‘n baas by sy werk, wat op almal trap, of die luidrugtige kêrel in die kroeg wat homself te buite gaan met drank.

Die eintlike saak wat Judas op die tafel wil lê, is dat ons as gemeente hierdie dinge so gedweë aanvaar! “Aag, hy is ook maar net ‘n sondaar soos ek!” Die feit is dat hierdie soort dwaallewe ‘n valse boodskap van die kerk uitdra. Die wêreld sien die kerk as ‘n klomp losbandige mense.

Judas maak dit duidelik dat 'n gemeente bestaan uit mense wat God vir Hom afgesonder het (vers 3). Daar moet 'n onderskeid wees tussen kerk en wêreld. Gelowiges moet hard veg vir die geloof - nie noodwendig om te bly glo nie, maar eerder sodat die suiwer betekenis van die geloof helder en duidelik kan uitstaan vir die wêreld om te sien. Later in die brief verduidelik hy hoe hierdie stryd aangepak moet word.

Beteken dit dat ons 'n heksejag in die kerk moet begin, en elkeen wat lyk of hulle lou is uitsmyt? Nee, ek glo nie dit is Judas se bedoeling nie. Ek moet egter

besin oor my eie lewe sowel as die van my medegelowiges, en dan daadwerklik iets doen (in liefde!) om enige probleme uit te sorteer voordat dit dalk heeltemal te laat is.

**Gebed:**

**Here, haal asseblief die skille van my oë af sodat ek dwaalleer sal herken, en gee my die wysheid om dit reg te hanteer.**

# Ewige Verdoemenis

## Judas:5-7

Die verhaal van die Israeliete se uittog uit Egipte is ‘n boeiende verhaal wat jou verbeelding aangryp. Die asemrowende manier hoe God ingegryp het toe die Israeliete deur die magtige leër van die Farao teen die Rietsee vasgedruk is, laat ‘n mens na jou asem snak. Die see het net eenvoudig ‘n pad oopgemaak vir God se volk om deur te vlug. En toe hulle benoud terugkyk na die aanstormende strydwaens, moes hulle sien hoedat die see hulle agtervolgers insluk. Die wonderbaarlike manier

hoe die Here vir daardie jong volkie gesorg het in die woestyn, laat jou hande saamslaan in verwondering. Eers is daar die heerlike manna wat elke oggend uit die hemel gereën het, en toe hulle vleislus hulle oorweldig, voorsien die Here met swerms en swerms kwartels. En steeds hou God se wonderwerke nie op nie! Heerlike soet water stroom op Sy bevel in die dorre woestyn uit 'n rots wanneer die dors hulle oorval.

God, die Almagtige het die Israeliete verlos uit die wrede slawekettings van Egipte en hulle na hulle eie land gebring. Wat

maak hulle? Hulle kerm en kla heelpad lank, en na al die wonderwerke twyfel hulle steeds. Hulle verwerp God! Uiteindelik beteken dit dat hierdie kermende klomp Jode vir ‘n volle veertig jaar in die woestyn rondswerf totdat daar nie ‘n enkele een van die ongelowiges oorgebly het nie. Verskriklik! Maar selfs deur daardie tyd van ongeloof, is hulle nie aan hulle eie lot oorgelaat nie. God het steeds vir hulle gesorg ten spyte van alles. Uiteindelik kon slegs Josua en Kaleb, die leiers, die beloofde land smaak.

Die lot van die stede Sodom en Gomorra was nog verskrikliker.

Hulle losbandige lewe en gruwelike dade het gesorg dat hulle met swael en vuur vergaan het. Hoe afgryslik!

“Hoe kan God so wreed wees?” wil ons soms vra, “Waar is God se liefde dan?” Die antwoord is dat God oneindig lankmoedig is, en dat Hy bereid is om oor en oor en oor te vergewe. Die Israeliete het vir Moses gehad wat hom moeg gewerk het om daardie volk die regte pad te leer. Nie ‘n enkele een van daardie Israeliete kon sê dat hulle nie die Woord van God oor en oor uit die mond van Moses gehoor het nie. Boonop het hulle die

asemrowende wonderwerke beleef, maar steeds het hulle nie die Here vertrou nie.

Die feit is dat die Here in liefde na ‘n mens toe uitreik. Hy vra nie baie van jou nie, slegs dat jy jou vertroue in Hom sal plaas en dat jy in Jesus Christus sal glo as jou enigste Verlosser. Die voordele wat Hy jou bied is gans te veel om op te noem. Die Here reik nie maar net eenmaal na ‘n mens toe uit, en laat hom dan staan nie. Hy pleit by hom op verskillende maniere. Daar kom egter ‘n tyd dat God se geduld opraak.

Wat gebeur as iemand weier om sy sondige bestaan te verruil vir

dít wat God aanbied? Daar is verskillende beskrywings in die Bybel vir die ewige straf, die hel. Judas praat hier van “die vuur wat ewig brand,” daardie verskriklike verskroeiende hitte wat jou uitmergel, maar jy brand nie dood nie. Op ander plekke word gepraat van wurms wat jou lewendig opvreet, en ‘n verskriklike onlesbare dors. Daar word geskryf van “’n geweeën en ‘n gekners van tande”. Laat my dink aan die predikant wat daar in Namakwaland oor die hel gepreek het, en toe hy by die “kners van tande” kom, toe sit hierdie gemeentelid oopmond en lag, sonder ‘n enkele tand in die

mond. “En vir dié wat nie tanne het nie”, gaan hy voort, terwyl hy die man in die oë kyk, “sal tanne gesapplaai word!”

Is God wreed of onregverdig om op so ‘n wyse te straf? Nee, beslis nie, want Hy soebat mense om weg te breek van die duiwel se slawekettings. God straf ook nie gelowiges nie, want hulle het reeds God se vryspraak gekry. Op die groot oordeelsdag sal dit onthul word dat hulle name in die Boek van die Lewe geskryf is, en dat hulle God se oordeel sal vryspring.

Die vraag is vanoggend, of jy al daardie vryspraak, waarvan ons

al soveel keer geskryf het, gekry het? As jy reeds Jesus se verlossing ervaar het, vra ek jou vanoggend om saam met my te bid vir die talle wat dit nog nie het nie. Indien nie - hierdie dagstukkies, wat God se liefde en genade verkondig, is al byna vyfduisend keer uitgestuur oor die afgelope 18 jaar. Hoeveel van hulle het jy al gelees? Hoeveel keer het die Here al deur hulle by jou gesoebat om Sy kind te word? Dalk is hierdie een vanoggend die heel laaste keer dat die Here met jou praat. Moenie dat God se liefde en genade by jou verbygaan nie! Doen vandág nog iets daaraan, voordat dit dalk

hééltemal te laat is. Skryf vir my as jy dalk hulp nodig het, of stuur vir my ‘n WhatsApp na 082 771 4925

**Gebed:**

**Here, my hart gaan uit na elkeen wat nog nie U genade ondervind het nie. Here, wees genadig en red hulle asseblief!**

# Engele en Magte

## Judas:8-10

In Judas vers 9 lees jy dat die duiwel met die aartsengel Migael gestry het oor Moses se liggaam. Het jy dit al ooit in die Ou Testament iewers raakgelees? Moenie ongeletterd voel as jy dit nog nie gesien het nie. Ek het ook nie. Maar kom ek verduidelik.

Kort voor die Israeliete die beloofde land sou binnegaan, het hulle in die Moabsvlakte aangekom. Moses het die Neboberg uitgeklim en getuur oor die land wat "oorloop van melk en heuning", die beloofde land van die Israeliete. Alhoewel hy al 120

jaar oud was, was daar nog genoeg krag in sy bene om hom toe te laat om hierdie uitmergelende tog aan te pak teen die berg op. Vir Moses was dit die naaste wat hy aan sy groot droom sou kom. “Dit is die land wat Ek met ‘n eed beloof het”, klink die woorde van God in sy ore as Moses vir oulaas die landstreek verken. Hy het vrede gemaak daarmee dat hy dit nooit sou binnegaan nie.

Daar in die Moabsvlakte het Moses gesterf. Sy liggaam is nooit gevind nie, want die Here het hom begrawe. Dit is soos die Bybel die gebeurtenis vir ons

skilder. Daar is egter ander oorleweringe, en die Jode het baie gefantaseer oor wat daar werklik gebeur het. “Die Testament van Moses”, was ‘n boek wat probeer het om die gebeure rondom Moses se afsterwe te verwerk.

Volgens die skrywer het die Here die aartsengel Migael gestuur om Moses se liggaam te kom haal en na die hemel te neem. Migael se naam alleen spreek van groot gesag. Dit beteken “Wie is soos die Here?” Inderdaad beklee hy ‘n baie hoë posisie onder die engele, en is hy ook die aanvoerder van die hemelse leër.

Ons lees byvoorbeeld in Daniël 10 hoedat hy die volk van God beskerm, en in Openbaring 12 sien ons dat hy die direkte opponent van die duiwel is.

Volgens die skrywer van “Die Testament van Moses” sou Migael teenstand gekry het van die duiwel, wat sélf belang gestel het in Moses se liggaam. Omdat Moses as jong man ‘n moord gepleeg het, was hy volgens die duiwel nie geregtig om na die hemel te gaan nie. In sy woordestryd met die duiwel het Migael homself nie verhef tot regter nie, maar bloot die oppergesag van God erken, as

Regter wat die duiwel sou straf.

Judas haal aan uit die boek hierbo, wat ongelukkig vandag nie meer bestaan nie. Die punt wat hy wil maak, is dat ons nie ligtelik moet praat oor die dinge waarvan ons absoluut niks weet nie. Daar bestaan ‘n wêreld van geeste en engele en bose magte wat vir ons maar net ‘n vae beeld is. Tóg is dit ‘n harde werklikheid. Maar dit is baie gevaarlik vir ons as mense om daardie wêreld te gaan probeer verken en dinge daaroor te sê wat ons uit die duim suig. Dikwels probeer ons om die dinge wat jy nie kan verklaar nie te ontrafel en allerhande soorte

betekenisse daaraan te heg sonder dat jy die ware feite daaragter ken.

Een so ‘n veld is jou droomwêreld: Ja, inderdaad het God al met mense gepraat deur hulle drome, maar baie mense (ook gelowiges) probeer om waarde te heg aan elke droom, en om hulle uit te lê. Hulle probeer om die toekoms te voorspel met jou drome, of om openbarings van God te sien in elke droom. Soms gebeur dit selfs dat mense hulle drome uitleef in seksuele losbandigheid, soos Judas beskryf in vers 8.

Die ander gevaar is dat mense

arrogant optree teenoor die geesteswêreld. In Judas se tyd is die geeste aanbid. Daar is offers gebring en verskeie towerspreuke gebruik wat die magte van die onderwêreld tot hulle eie voordeel sou laat werk. Harry Potter se streke is ‘n goeie voorbeeld van die manipulasie van die bonatuurlike. Dit is natuurlik ook vandag algemene praktyk in die Afrika-kultuur, waar Sangomas, voorvadergees-aanbidding en die tokkolossie en sy trawante almal 'n groot rol speel.

Dit is goed om te weet dat die bonatuurlike ‘n werklikheid is. Natúúrlik is daar engele in diens

van God, en hulle is magtige wesens wat deur God geskep is. Daar is egter ook engele wat aan God ongehoorsaam geraak het en uit die hemel gedryf is. Hulle het bose geeste geword, en hulle probeer vandag nog om ons van God te skei. Hulle staan in diens van ‘n baie magtige engel met die naam Satan.

Engele-verering is ‘n onding! Kolossense 2:18-19 sê dat jy daarvan moet wegbly, want hierdeur gee jy nie die eer aan God nie. Die engele wil self ook nie vereer word nie (Op. 19:9-10). Bly weg van die okkulte, dis gevaarlike praktyk!

Engele staan uitsluitlik in God se diens. Deur te gefassineer deur hulle te raak, neem dalk jou aandag van God af. Lê jou liewer daarop toe om meer en meer van God te leer, en om nader en nader aan Hom te leef. Dit is goed om te weet van die bonatuurlike, maar bepaal jou by wat in die Bybel daaroor geskryf is, want dit is vir ons genoeg.

**Gebed: Dankie dat ek die wete kan hê dat ek al my vertroue op U alleen kan plaas, Here, God Almagtig.**

# Gevare van Dwaalleer

## Judas:10-13

Ek het oor die jare sakkevol e-pos gekry waar iemand die een of ander obskure leerstelling wil verkondig. Om die punt te bewys dat hulle die “waarheid” het, en niemand anders nie, haal hulle selfs gedeeltes uit die Bybel aan, en jy begin dink: Hierdie ou het dalk ‘n punt beet! Maar as jy mooi gaan lees, dan sien jy dat die Bybelaanhalings totaal uit verband geruk is. Dikwels is hierdie geskrifte wat hulle opstel baie deeglik deurdink en lyk dit op die oog af of daar baie ure se werk en navorsing in gegaan het.

So kry ek ‘n tyd gelede ‘n boekie in die pos wat gaan oor die Wit Afrikaner Volk van God (of iets dergeliks). Die boek is gerig aan die Swart bevolking, en daarin word dit baie duidelik vir hulle gestel dat slegs Witmense die hemel kan smaak. Dit is geheel en al buite perke vir Swartmense, en hulle word daarin aangemoedig om rustig voort te gaan met hulle voorvaderaanbidding, want die Evangelie is in elkgeval gladnie vir hulle beskore nie. Kan jy glo dat enigeen in die Naam van die Evangelie iemand kan aansê om die duiwel te aanbid! Sy stellings word natuurlik uit die Bybel

aangehaal met gepaste Skrifgedeeltes!

Judas waarsku dat dwaalleraars dikwels voorgee dat hulle verskriklik belangrik is, en dat hulle ‘n baie hoë kennis het van die bonatuurlike, en selfs in hemelse kringe beweeg.

In ons vorige dagstukkie het ons juis gepraat oor engele en bose magte, en dat dit gevaarlike praktyk is om jou daarmee op te hou. Daar is egter ook ander uiters gevaarlike praktyke. Een daarvan is om te heul met die oproep van geeste oftewel afgestorwenes. ‘n Sogenaamde “medium” word gebruik om met

die “geeste” te gesels en dan hulle “boodskap” aan jou oor te dra. Die Bybel draai geen doekies om oor hierdie dinge nie. Lees gerus maar in Deut 18:9-14 hoe God hieroor voel. Dit is een van die “afskuwelike praktyke” en God het 'n afsku in mense wat dit doen. Dit is om te heul met die duiwel en sy medewerkers! Jy kan nie God én Mammon dien nie!

Ongelukkig is dit nie net mense daar buite êrens wat die spoor so byster raak nie. Dikwels is dit kerkmense, gemeentelede wat ‘n totaal verdraaide siening het. Met ‘n vroom gesig sit hy in die kerk,

maar sy optrede daar buite verklap sy ware kleure. Judas gebruik die voorbeeld van drie mense uit die geskiedenis om te wys wat die uiteinde is van mense wat dwaalleraars is. Kain is sy eerste voorbeeld: ons weet dat hierdie seun van Adam selfs offers aan die Here gebring het. Hy het God geken, want sy pa was immers ‘n diep gelowige wat saam met God gewandel het. Kain het afgedwaal en uiteindelik sy eie broer vermoor uit woede teenoor God. Sy lot was dat hy verban is. Hy het van die Here af weggegaan en sy nageslag was Goddeloos (Gen. 4). Bileam is omgekoop om teen God se wil in

te praat. Hy het dit nie oorleef nie! (Num. 22 en 31). Korag het in opstand gekom teen God. Sy einde was verskriklik, toe die aarde hom lewendig ingesluk het (Num. 16).

Hiermee wil Judas vir die gemeente sê dat die gedrag van dwaalleraars anders is as dié van gelowiges, en hulle lot is ook anders. Hulle hoort nie in die gemeente nie, en hulle uiteindelike bestemming is ook elders!

Ongelukkig werk dit so dat die gedrag van hierdie mense dikwels ook gesien kan word in die lewe van gelowiges, mense

wat net aan hulleself dink. Hulle gedra hulle dikwels uitspattig, en dit druis in teen die liefde van ware gelowiges. Liefde beteken dat gelowiges in ‘n eenheid saamgebind word, en die onselfsugtige en opofferende liefde van Christus word in hulle optrede weerspieël. In die ware gelowige se lewe is daar nie die egoïstiese soeke na eie voordeel nie, maar sy liefde word in sy dade teenoor sy medegelowige sigbaar.

Jy hoor dikwels dat iemand brom dat die kerk absoluut niks vir hom doen nie. Niemand doen by hom huisbesoek nie. Waak daarteen

dat jy nie ‘n onvrugbare, selfsugtige lidmaat word wat net die heeltyd wil ontvang en bedien wil word nie. Kerk beteken nie dat jy net op die geloofstrein saamry en die rit geniet ten koste van die “personeel” wat in die gange op en af hardloop om jou rit aangenaam te maak nie. Kerk beteken ‘n onselfsugtige, opofferende diens aan God.

In die eerste kerk het mense bymekaargekom om te aanbid en om te leer, en dan het hulle uitmekaargespat en die Evangelie gaan verkondig aan elkeen wat ‘n oor het om te hoor. Hiermee wil ek nie sê dat elke lidmaat vandag

die Woord moet verkondig nie. Maar elkeen van ons kan sy eie talente gebruik in diens van God om op ‘n praktiese manier die Koninkryk van God te bevorder. Sodoende maak jy nie alleen die liefde wat God aan jou bewys het prakties sigbaar nie, maar die bonus is dat jy geestelik ‘n ongekende groei beleef.

**Gebed:**

**Here, vergewe my waar ek dikwels op my geestelike gemakstoel sit. Help my om prakties my geloof uit te leef.**

# Henog se Profesieë

# Judas:14-19

Ons verkeer dikwels onder die wanpersepsie dat die Ou Testament die enigste geestelike boek was wat die mense van die Bybelse tye geken het. Daar was egter verskeie boeke beskikbaar, en sommige daarvan was van groot waarde, veral in die Joodse leefwêreld. Die Griekse vertaling van die Ou Testament, die Septauginta, het byvoorbeeld etlike van die Apokriewe boeke ingesluit. En dit is die Bybel wat Paulus gebruik het, en hy haal ook soms aan uit hierdie Apokriewe geskrifte.

Die boek 1 Henog was een van hierdie boeke, en het so tussen 200 en 150 vC ontstaan. Dit was goed bekend in die vroeë Christelike kerk, en hulle het dit geresepekteer as ‘n boek wat waarde het vir godsdiens. Dit is dan g’n wonder dat selfs Judas aanhalings neem uit hierdie boek om sy punt te bewys nie.

Uit die Bybel leer ons dat Henog ‘n baie besonderse mens was. Henog was die pa van die oudste man in die geskiedenis, Metusalag. In Genesis 5:21-24 lees jy dat hy baie naby aan God geleef het. Hy het nooit gesterf nie, maar hy is deur God

weggevoer hemel toe. Daar is slegs een ander mens waarvan ons lees wat op so ‘n wyse weggevoer is na die hemel: Elia, wat voor die oë van sy opvolger, Elisa die hemel ingevaar het op ‘n wa en vurige perde. Vandag wil mense allerhande konnotasies heg aan hierdie gebeurtenis, en selfs beweer dat hy deur die groen mannetjies ontvoer is. Net so het Henog se hemelvaart die verbeelding aangegryp van die ou Jode, en het hierdie boek tot stand gekom wat Henog se reise deur die hemel en sy profesieë beskryf.

Henog is vir ons vandag ‘n goeie

voorbeeld van die toekomsverwagting van die Jode van 2000 jaar gelede. Judas het ook aanhalings gemaak uit Die Hemelvaart Van Moses, wat eweneens die Jode se belangstelling geprikkel het. Dit wil egter nie sê dat Judas se bedoeling is dat hierdie soort boeke in die Bybel opgeneem moes wees nie, maar hy het dit bloot gebruik as eietydse illustrasiemateriaal. Die Apokriewe boeke is beskikbaar by CUM, indien jy sou belangstel.

Judas haal aan uit Henog en hy kondig die straf van God aan oor hierdie mense wat so goddeloos

lewe en God laster. Hulle is daarop uit om slegs vir hulle eie voordeel te werk, iets wat vandag ook baie algemeen is by mense, selfs gelowiges, waarmee jy daagliks te doene kry. Dink ‘n bietjie mooi of sommige van hierdie kenmerke nie dalk jou eie lewe weerspieël nie? Hoe maklik is dit nie om iemand sy mond ‘n bietjie met die heuningkwas te kielie sodat hy goed kan voel nie, en dan buit jy dit uit tot jou eie voordeel. En dan is daar grootpratery, wat dikwels ook maar ‘n kenmerk is van baie gelowiges se lewe. Dis mos lekker om ‘n bietjie jou eie ego te streel en jou vriende te laat

verstaan dat jy beter is as wat jy werklik is. Dis veral die hengelaars wat hier struikel! Kyk, ‘n visvangstorie is nie ‘n goeie visvangstorie sonder ‘n bietjie by-lieg nie! En vandag word 'n vis se gewig steeds in ponde gemeet, want dit klink net baie groter.......

Judas gaan egter verder, en hy haal die woorde van die apostels aan. Sy lesers het waarskynlik al persoonlik met van hierdie apostels te doene gekry, en hulle dalk hoor preek. Wat ‘n wonderlike voorreg! Nietemin, die apostels het hulle gewaarsku oor die “laaste dae,” die tyd tussen Jesus se hemelvaart en Sy

wederkoms. Onthou: jy en ek leef vandag ook in daardie laaste dae, en as ons kyk wat rondom ons besig is om te gebeur, dan weet ons dat die einde nou bitter naby is!

Daar sal verdeeldheid wees tussen ware gelowiges en dwaalleraars, sê Judas. Die groot rede? Hierdie twee groepe mense dien verskillende base. Aan die een kant het ons die mense wat deur hulle eie begeertes oorheers word. Hulle is ook die mense wat die spot dryf met die gelowiges. Hoe verskriklik intens beleef ons nie vandag hierdie dinge nie. As jy maar gaan kyk hoe dit aangaan

in nagklubs, dan staan jou hare regop. Prostitusie is nou wel onwettig, maar in ons land floreer dit, en hulle wou dit selfs wettig maak! Mense dryf openlik die spot met gelowiges. Dit maak bitter seer as van ons bekende akteurs ‘n bespotting maak van ons Godsdiens. Die reuse advertensieborde wat plekke soos Teasers opsit is dikwels lasterlik, en probeer Christen-wees belaglik maak. Feitlik elke rolprent wat op TV vertoon word, misbruik die heilige Naam van God en verkleineer Hom en ons geloof.

Judas skilder hierdie negatiewe

prentjie om ons aan te spoor om heilig te lewe. “Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof,” pleit Judas by sy lesers in vers 20. Die Heilige Gees gee ons die krag daarvoor. Maar hieroor gesels ons DV weer in ons volgende dagstukkie. Ek bid jou ‘n wonderlike dag toe, ‘n dag waarin jy die nabyheid van God kennelik sal beleef.

**Gebed:**

**Here, bewaar my asseblief daarvan om soos ‘n dwaalleraar te leef. Heilige Gees, rig my lewe!**

# Boustene van Geloof

## Judas:20-21

Oor die afgelope jare het ek talle briewe gekry van desperate mense, mense wat almal getuig dat hulle ‘n oorgawe aan Jesus gemaak het, maar hulle bly twyfel. Hulle gebede slaan teen die plafon vas. God voel vêr weg. Die laste van sonde druk swaar op hulle skouers. Sal God hulle ooit vergewe?

Voel jy nie dalk ook vanmôre so nie? En die probleem is dat jy te bang is om dit vir iemand te sê. Jy is dan mos ‘n gelowige! “Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle

allerheiligste geloof.” Met hierdie woorde wil Judas jou dan vandag bemoedig. Nie alleen maak dit ‘n onderskeid tussen jou en die ongelowige nie, maar op hierdie manier gaan jy die probleme wat hier bo uitgestippel is te bowe kom. En die wonderlike is dat jy dit nie in jou eie krag hoef te doen nie, want die Heilige Gees is daar vir jou!

Maar waar begin jy met hierdie soort bouwerk? Jy begin deur ‘n intieme, persoonlike en lewende verhouding met God op te bou. So ‘n verhouding kom ongelukkig nie oornag nie, maar hoe meer jy sélf daar insit, hoe gouer gebeur

dit. Dit verg van jou baie selfdissipline.

Die eerste bousteen is ‘n lewe van gebed. Een van ons grootste probleme is onafhanklikheid. Ons wil op ons eie twee voete staan en niemand in die oë kyk vir hulp nie. Dit is ‘n natuurlike reaksie, maar ongelukkig deel van ons sondige natuur. Die dag as jy begin besef hoe geweldig afhanklik jy van God is, dan is jy op die regte pad. Gebed is nie die aframmel van ‘n wenslysie nie, maar in die eerste plek sê jy met jou gebed dat jy totaal afhanklik is van God vir alles in jou lewe. Dit is só belangrik om te besef dat jy

nooit, óóit in jou geloof slaag as jy dit op jou eie krag probeer doen nie. In jou gebed moet jy die Heilige Gees se genade, krag en wysheid afsmeek, want daarsonder kan jy die ganse Bybel deurlees en steeds nie verstaan waaroor dit gaan nie.

Nou sê jy dalk vir my: maar jy sukkel selfs om te bid! Hoe gaan jy nog by die hoë dinge bykom! Gaan lees gerus wat in Romeine 8:26-27 staan: "Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. En God,

wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit volgens die wil van God, vir die gelowiges.” Die Heilige Gees sal jou leer bid, maar Hy vra van jou kant af die gewilligheid om daaraan deel te neem. Gebed kom ook nie sommer so vanself nie, dit kos oefening van jou kant af. Baie mense verkeer ook onder die wanindruk dat gebed slegs die formele aanroep van die Here is tydens jou stiltetyd of tydens ‘n erediens. Hierdie is maar één aspek van gebed. Gebed is ‘n gesprek met God wat enige tyd en enige plek kan plaasvind. As jy sal onthou dat God nie ver

verwyder is, iewers in die hemel nie, maar deur Sy Heilige Gees binne in jou, kan jy gesprek voer met Hom regdeur die dag, ook daar waar jy besig is om te werk of terwyl jy deur die tuin stap. Gesels met Hom en vertel Hom van jou blydskap, angste en droefheid. En as jy iets mooi sien, dank Hom daarvoor. Op hierdie manier leer jy om 'n persoonlike verhouding met Hom aan te knoop, en leer jy al meer en meer hoe afhanklik jy werklik van Hom is.

Die tweede bousteen is 'n lewe van liefde. Wat is hierdie liefde? 1 Joh. 4:10 beskryf dit so: "Werklike

liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening van ons sondes.” Ware liefde is dus ‘n daad van selfopoffering. Dink eers mooi oor die onverdiende liefde wat God jou gegee het, en dan tree jy só op teenoor ander - onselfsugtig, dienend en opofferend, selfs al verdien die mense teenoor wie jy so optree dit nie!

Die derde bousteen is ‘n lewe van verwagting. Moenie doelloos lewe, soos so baie mense doen nie. Vir die ongelowige is die lewe ‘n gejaag na plesier, rykdom,

losbandigheid, mag. Vir die ernstige gelowige is die lewe egter geborduur rondom die wederkoms van Jesus. Wanneer gaan Hy kom? Dit kan oor ‘n honderd jaar wees, maar dit kan ook dalk vandag nog wees. ‘n Navorser vertel my 'n tyd gelede dat die aarde ‘n katastrofe in die gesig staar: ons is besig om die maan te verloor! Die maan is besig om teen ‘n onrusbarende tempo van die aarde af weg te beweeg, en dit kan die einde van alle lewe op die aarde beteken.

Ontstellend? Nee, net interessant, want as dit die geval is, dan is dit net nóg een van die

tekens dat die wederkoms nou baie naby is, en ek sien met groot verwagting uit na daardie wonderlike dag!

Die volgende boustene raak moeiliker, maar daaroor gesels ons DV more. Kry met die hulp van die Heilige Gees hierdie drie eers goed onder die knie, en jy sal sien hoe jou geloofslewe skielik blom!

**Gebed:**

**Here, leer my asseblief bid, en herinner my asseblief die heeldag lank dat U teenwoordig is, en dat ek van U afhanklik is.**

# Reddingswerkers
## Judas:20-25

Die boodskap wat Judas vanoggend by ons wil tuisbring, handel oor die reddingsboei van God se verlossing. Nou sal jy dalk protesteer: “Maar ek het mos alreeds God se verlossing gesmaak! Wat moet ek dan met nóg 'n reddingsboei maak?” Nee, hierdie een is nie vir jouself nie, maar God gee dit in ons hande sodat ons dit kan aangee vir ander drenkelinge wat nou in die situasie verkeer waar ons was voordat Hy ons gered het. Ons opdrag is dus om dit uit te gooi na diegene wat besig is om te

verdrink in die oseaan van verlorenheid.

Gister se dagstukkie het gehandel oor die boustene van geloof, hoe om my geloof op te bou sodat ek sterk kan staan. Dit is belangrik dat ek eers hierdie gedeelte in my lewe goed op dreef kry voordat ek in alle erns met reddingswerk begin. Natúúrlik kan, en móét jy getuig van die verlossingswerk van Jesus van die eerste dag van jou vryspraak af. Om egter 'n ernstige reddingswerker te wees, neem oefening en kennis, want hoe kan jy ander tot redding lei as jy sélf nog wankelrig in die geloof

staan?

Elkeen van ons kan ‘n reddingswerker wees. Die vraag is: hoe gaan ek te werk? Wat is die vereistes? Eerstens is ‘n gelowige, biddende, onselfsugtige en liefdevolle lewe in afwagting op Jesus se terugkeer noodsaaklik en onmisbaar as jy ander mense wil red. Terselfdertyd moet jy ook deeglik bewus wees van die verskriklike lot wat wag vir diegene wat nie God se vryspraak gekry het nie. Lees gerus weer vers 6, 7, 13 en 15 van die Judas-brief, waar hy die verskriklike oordeel beskryf. En as jy diep in jou hart jammer

voel vir hierdie mense, dan moet jy besef dat dit die werk van die Heilige Gees in jou is wat jou aanspoor om iets te doen. ‘n Mens is van nature net oor jouself bekommerd, maar die Heilige Gees gee jou ‘n passie vir ander mense.

Jesus se liefdesgebod sê nie dat ek myself net so lief moet hê soos my naaste nie. Dit gaan juis oor liefde vir jou medemens! Boonop beteken hierdie liefde maar net gedeeltelik dat ek sy liggaamlike nood moet raaksien. Dit gaan véél meer oor sy geestelike nood, want die fisiese het tydelike waarde, maar die geestelike het

ewigheidswaarde.

Judas noem drie reddingsboeie, dinge wat ek nie durf huiwer om te doen nie. Die eerste is om my te ontferm oor diegene wat twyfel. Eintlik kan ek nie anders nie, want as ek net terugdink hoe God Hom oor my ontferm het in die tye toe ek getwyfel het, dan moet daar 'n drang in my wees om dieselfde vir ander te doen wat twyfel. Baie gelowiges ervaar twyfel! Dikwels is dit mense wat ontmoedig is deur die een of ander ramp wat hulle getref het. Dit is vir so 'n persoon wat ek met woord en daad moet bystaan en hom of haar verseker dat ‘n lewe

van volle vertroue in God nie alleen moontlik is nie, maar ook vir jou vrede en blydskap gee.

Die tweede reddingsboei wat God my gee, is om diegene wat op pad is na die verderf uit die kloue van die duiwel te ruk. Judas stel dit só ernstig dat dit is soos om hulle uit die vuur te ruk. Dit vat baie moed en oortuiging om die stap te neem om met ‘n ongelowige te praat en hom te oortuig dat hy eintlik verlore is. Niemand wil weet dat sy paadjie na die ewige verderf lei nie! Dit is egter die wonderlikste voorreg op aarde om vir so ‘n persoon te kan wys dat daar ‘n reddingsgordel

beskikbaar is, en dat hy net bereid moet wees om dit te aanvaar. Dit is egter van uiterste belang dat ons besef dat om die boodskap oor te dra, slegs die begin is. Daar moet 'n pad gestap word met so 'n persoon totdat die volle waarheid van die Evangelie vasstaan in hom.

Dit is ook baie belangrik om te onthou dat ek en jy slegs die boodskappers is, en dat ons nooit iemand kan oortuig nie, selfs nie met jou beste redenasies nie. Dit is slegs die Heilige Gees wat iemand kan oortuig. As iemand dus jou boodskap verwerp, is dit nie vir jóú wat hy verwerp nie,

maar vir God.

Die derde reddingsboei het betrekking op my as reddingswerker. Dit is 'n ernstige waarskuwing om baie versigtig te wees wanneer jy reddingswerk doen, dat jy nie dalk sélf op die een of ander manier in die moeilikheid raak nie. Sonde is die aansteeklikste siekte op aarde! “Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie!” waarsku Paulus in 1 Kor. 10:12. En dan moet jy natuurlik ook onthou dat jy baie seker moet maak dat jy slegs Bybelse metodes gebruik vir jou reddingspogings. Vergeet van die

Doom!

Judas sluit sy brief af met ‘n lofprysing. Dit is baie belangrik dat ons te alle tye sal onthou dat dit nie gaan oor party mense wat beter is as ander nie, maar dat dit uitsluitlik gaan oor die verheerliking van God. As gelowige het ek en jy ‘n verantwoordelikheid, maar God Sélf is in beheer. Wie dus vir die ware geloof stry, stry saam met God, en daarom is die oorwinning ‘n sékerheid!

**Gebed:**

**Dankie Here, dat ek in U diens mag staan, en dat ek vanoggend kan weet dat U my**

**die oorwinning gegee het. Ek wil graag U blye boodskap van verlossing met almal met wie ek in aanraking kom, deel.**